LAERSKOOL GOUDRAND
EENHEID IS KRAG

Posbus 5086
Boksburg-Noord
1461

Tel: (011) 917-5169 / 917-5179
Faks: (011) 917-7789
E-pos: hoof@goudrand.co.za

18 Junie 2015

OMSENDBRIEF NO: 5 VAN 2015

Geagte Ouers

Dit is ongelooflik om te dink dat die helfte van die skooljaar so te sê tot 'n einde gekom het. Neem asseblief kennis van die volgende belangrike sake:

1. **Rapporte en ouer middag:**
   As alles volgens plan verloop sal die leerders hulle rapporte en vorderingsverslae op Woensdag 24 Junie ontvang. **Daar sal dan 'n ouer middag gehou word op Donderdag 25 Junie om 13:30 – 15:00**
   Maak asseblief van die geleentheid gebruik om die onderwysers waarby u kind klas kry te kom besoek. Op die manier kan enige probleme aangespreek word sodat daar in belang van u kind opgetree kan word.

2. **Sport:**
   Aan ons netbal en rugbyspanne 'n woord van dank vir die afgelope seisoen. Ook vir ons afrigters en ouers wat gehelp het om van die seisoen 'n sukses te maak.
   Baie geluk aan ons 1ste en 2de rugby spanne wat deurgedring het na die finale uitspeelwedstryde.

3. **Naskool:**
   Die naskool sal gesluit wees gedurende die vakansie. Dit sal weer heropen op Maandag 20 Julie.

4. **Finansies:**
   Ons sê baie dankie aan die ouers wat gereeld hulle skoolfonds betaal. Met die fondse kan ons kwaliteit onderrig aan u kind voorsien. Ons vra asseblief dat u nie agter raak met u betalings net omdat dit vakansie is nie, volgens ons rekords is daar 'n groot getal ouers wat nie hou by die skoolfonds betalings soos dit aan u deurgegee is nie. Ouers geen skool kan sonder u finansiële ondersteuning voortbestaan nie.

5. **Wintersdrag:**
   Ouers maak asseblief seker dat u kind met die regte skooldrag skool toe kom. Ons kan nie toelaat dat elkeen aantrek wat hy of sy wil nie, want dit skep 'n probleem met ons dissipline.

6. **Skool sluit**:
Die skool sluit op **Vrydag 26 Junie om 11:00** vir al die leerders. Hulle kan met gewone klere kom maar vir die voorreg betaal hulle R5 by hulle voog onderwysers.

7. **Algemeen**:
Ouers, onderwys en opvoeding kan alleenlik slaag as die skool en die ouers saamwerk tot voordeel van die leerder. As een van die twee in gebreke bly om saam te werk, faal onderwys en opvoeding en ly die skool daaronder.
Daarom vra ons van die skool se kant af dat u vir ons help in die opsig en vir ons 'n gedissiplineerde kind skool toe stuur. Te veel leerders daag die gesag van die onderwysers en ouers uit, ons kan dit eenvoudig nie toelaat nie.!!

Kom ons neem weer beheer oor sodat die leerders uiteindelik die wenners kan wees in die proses.

Gaan hou lekker vakansie en kom uitgerus terug vir die derde kwartaal wat op Maandag 20 Julie begin!

Goudrandgroete

Mnr. S. Hendrikse
Skoolhoof